# Die Ligdraer

## Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Welkom

**22 Oktober 2023**

## Ons missie:

Die Gereformeerde Kerk Welkom verheerlik God as ’n biddende gemeente wat:

- dissipels is;
- dissipels maak;
- vashou aan die suiwer leer;
- ons gawes gebruik;
- lidmate toerus; en
- God se liefde en genade uitdra.

## VANOGGEND SE EREDIENS




**Toetredelied:** Lied 152
**Votum**
**Groetseën**
**Lofprysing en aanbidding:** Psalm 145-1:1,4,11,12 en Lied 547:1
**Geloofsbelydenis:** Twaalf Artikels
**Die Wet van die HERE**
**Sing:** Psalm 25-1:5
**Gebed**
**Skriflesing:** Handelinge 4:1-22
**Sing:** Skrifberyming 14-3:1,4
**Preek:**



**Tema:**
*Die eerste vervolging van Christene.*

**Diens van barmhartigheid**
**Sing:** Lied 477:1,2
**Wegstuurseën**
**Amen:** Skrifberyming 13-3



**Afkondigings**

**KOLLEKTES:**
Onder die erediens: Diens van barmhartigheid.
By die deure: By die deure: Teologiese Studentekas.

**DIENSBEURT:**



Vandag: Wyk 9
5 November: Wyk 10
12 November: Wyk 1

**TEE/KOFFIE VOOR EN NA DIE EREDIENS:**



Daar is tee, koffie en koeldrank voor en na die erediens in die groot saal beskikbaar. Alles word daar reggesit en dan kan lidmate hulleself help.

**KATKISASIE:**
Tydens die erediens (net na die Skriflesing en voor die preek) is daar katkisasie vir die voorskoolse kinders. Graad 1-10 se katkisasie is na die erediens.

**BYBELSTUDIE:**
Vanmiddag om 17:00 by die kerkgebou. Almal is hartlik welkom om dit by te woon of elektronies deur middel van Google Meet in te skakel. Die skakel daarvoor is: https://meet.google.com/ajc-wkia-hss

**BREË KERKRAAD VERGADER - 23 OKTOBER:**
Die Breë Kerkraad vergader Maandag 23 Oktober om 18:00 by die kerkgebou.

**BESTELLINGS VIR GKSA ALMANAK 2024:**
Die GKSA se jaarlikse Almanak vir 2024 is beskikbaar teen R125.00 per eksemplaar. Die Almanak bevat inligting oor al die gemeentes, predikante, ensovoorts binne die GKSA. Dit bevat ook 365 dagstukkies.
Bestellings, verkieslik met betaling by bestelling, kan by Marthie Kotze of Casper du Plessis geplaas word of deur 'n whatsapp te stuur na 060 366 0166 of e-pos te stuur na: admin@gkwelkom.co.za
Afsny datum: 1 November 2023.

**EREDIENS VOLGENDE SONDAG (29 OKTOBER):**
Volgende Sondag (29 Oktober) is dit Hervormingsondag, die dag waarop ons die Hervorming van die sestiende eeu herdenk. Die agtergrond hiervan is: Op 31 Oktober 1517 het Luther sy 95 stellinge teen die kerkdeur van Wittenberg vasgespyker. Dit was die begin van die Hervorming, waaruit die protestantse kerke (waarvan ons ook deel is) hulle ontstaan gehad het. Daarom herdenk ons as gereformeerde kerke elke laaste Sondag van Oktober die Hervorming. Vanjaar het ons op daardie Sondag (29 Oktober 2023) om 09:30 'n gesamentlike erediens saam met die Gereformeerde Kerke Odendaalsrus en Theunissen in GK Odendaalsrus se kerkgebou.



# Ek Verjaar!




Die volgende lidmate verjaar tot 5 November 2023

| | | |
|---|---|---|
| 24 Oktober | Madelein Coetzee | 061 912 2008 |
| 26 Oktober | John (snr) Lonergan | 082 935 5050 |
| 26 Oktober | Christine Benson | 073 322 6306 |
| 27 Oktober | Rita van der Walt | 083 308 4122 |
| 28 Oktober | Tobie Louw | 082 048 6922 |
| 29 Oktober | Maryna Reynders | 076 668 6875 |
| 30 Oktober | Ria Harmse | 076 793 3254 |
| 1 November | Estie Penton | 083 544 6270 |
| 4 November | Annelien Duncker | 066 574 9414 |

**BAIE GELUK** en seënwense vir die nuwe jaar.

**LIEF EN LEED:**

- Baie geluk aan br. John (082 935 5050 ) en sr. Edie (082 473 7960) Lonergan wat onlangs 'n agterkleinkind ryker geword het.
- Ons vra voorbidding vir lidmate wat ernstig siek is of in die hospitaal is of beproewings beleef waarvan ons nie weet nie.

# Die Bybel

[1] Terwyl hulle nog besig was om die volk toe te spreek, het die priesters en
die bevelvoerder van die tempelwag en die Sadduseërs op hulle afgekom,
[2] hewig ontsteld omdat hulle die volk onderrig en in Jesus die opstanding
uit die dood verkondig. [3] Hulle het hulle toe gevange geneem en onder
bewaking geplaas tot die volgende môre, omdat dit reeds aand was. [4] Baie
van die mense wat die toespraak gehoor het, het egter tot geloof gekom,
sodat die getal manne tot ongeveer vyfduisend aangegroei het.
[5] Die volgende dag het hulle leiers en familiehoofde en skrifkenners in
Jerusalem bymekaargekom – [6] ook Annas, die hoëpriester, en Kajafas en
Johannes en Aleksander, en almal wat tot die hoëpriesterlike familie
behoort het. [7] Hulle het Petrus en Johannes in die middel laat staan en vir
hulle gevra: “Deur watter krag of deur watter naam het julle dit gedoen?” [8]
Toe het Petrus, vervul met die Heilige Gees, vir hulle gesê: “Leiers van die
volk en familiehoofde, [9] as ons vandag verhoor word oor 'n goeie daad aan
'n siek man waardeur hy gesond geword het, [10] moet julle almal en die hele
volk van Israel weet dat hierdie man gesond voor julle staan deur die
Naam van Jesus Christus van Nasaret

> “wat julle gekruisig het,
> wat God uit die dood opgewek het.

*~ Handelinge 4:1-10 ~*

**VIR INBETALINGS IN ONS GEMEENTE SE REKENING:**



**WELKOM**
**ABSA BANK**
**TAK KODE: 630135**
**REK NO: 1340340090**
**TIPE REK: TJEKREKENING**

**ONTHOU OM JOU NAAM BY TE SIT INDIEN ELEKTRONIES OOR BETAAL**

**Kontaknommers en besonderhede:**

Predikant: Ds JL van der Schyff (083 995 0380) dominee@gkwelkom.co.za
Skriba: Marthie van der Schyff (072 336 4266) skriba@gkwelkom.co.za
Attes Skriba: Frank Korb (076 312 7581) attesskriba@gkwelkom.co.za
Koster: Flip Kotze (083 388 0249) koster@gkwelkom.co.za
Kassier: Marthie Kotze (083 388 0251) kassier@gkwelkom.co.za
Orrelis: Hansie Jordaan (083 407 5796) orrelis@gkwelkom.co.za
Admin beampte: Casper du Plessis (057 353 1447/060 366 0166)
Diakonie: Marthie van der Schyff (072 336 4266) diakonie@gkwelkom.co.za
Kantoor: 057 352 5280 (Vrydag 08:00 - 13:00) admin@gkwelkom.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/GKWelkom/
**Webbladsy:** www.gkwelkom.co.za

**DIAKONIE**
**EERSTE NASIONALE BANK**
**TAKKODE: 250655**
**REKENINGNOMMER: 62808348074**



# Net 'n Gedagte

**Ja, kyk, donkerte bedek die aarde, en diepe duisternis die volke; maar oor jou skyn die HERE, en oor jou word sy heerlikheid sigbaar.**

***~ Jesaja 60:2 (Ou vertaling) ~***

**As jy werk aan liefde**
**sal jy vind dat liefde is aan die werk.**

***~ Peter Jackson ~***

GEREFORMEERDE KERKE
IN SUID-AFRIKA